# *Lief en Leed*

Peru Kruger is inderhaas geopereer en is in Midstream kliniek. Bid asb. vir haar spoedige herstel.

Voorbidding word gevra vir alle kanker pasiënte . Ons vra dat die Here hul sal bystaan vir die nodige behandeling.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor.

Trudie Kerr is weer tuis, maar sy toon tekens van Dementia. Bid vir haar asb.

Hennetjie Mostert is terug in Lofdal.

Rina Cronje deurloop ‘n proses van behandeling om rugpyn te verlig, dit behels o.a. inplanting van ‘n toestel wat haar rugsenuwee stimuleer.

Marita het hart probleme en Antoinette kry Epileptiese aanvalle. Albei het asb. julle voorbidding nodig.

Allewyn Dippenaar het toetse ondergaan.

Ans Luyt het gesterf en is begrawe op Maandag - bid vir haar familie.

Lulu Malan (knievervanging) en Petro Hanekom (rug) albei gaan eersdaags geopereer word, dra hulle aan die Here op.

Ans du Toit het erge griep maar is al heelwat beter.

Luitje van Heerden is gehospitaliseer. Sy ondergaan toetse om vas te stel wat die oorsaak van haar probleme is. Bid asb. vir haar herstel.

Bill Schaefer is na 1 Mil oorgeplaas. Hou hom en Connie steeds in julle gebede.

Ons groet vir Naomi Schoeman. Sy het ‘'n ligte beroerte gehad en gaan nou Kameeldrif toe vir verdere versorging.

Dave en Petra Jacobsz gaan eersdaags verhuis, ons bid dat hulle die Here se seën sal ervaar.

# *Die Aankondiger !*

## *Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695*

**EREDIENS:** ***10 Mei 2015 om 9:00***

**Prediker:** ***Ds. Gideon du Toit***

**Skriflesing:** ***1 Joh. 4: 7-21***

**Tema:** **“Werklike liefde is dit ... die liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun te stuur... “**

**Liedere:** **334:1-4; 530:1-3; 528: 1-3; 332:1-4; 532: 1-3**

**Jeug:** ***18:00*** **Rusoord:** ***16:45***

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Daar is krag in die gebed van ’n gelowige moeder (J Budler).

### GEBEDSVERSOEKE

Op Moedersdag dink ons met dankbare herinneringe aan ons moeders wat ons leer bid het en voorbeelde was as gelowiges. Paulus skryf aan die jong Timotheus dat hy moet vashou aan die opregte geloof wat in hom is, dieselfde geloof wat al in sy ouma, Lois en in sy ma Eunice was (2 Tim 1:5).
Ons bid vir die voorbereiding van boodskappe vir hemelvaart- en Pinksterdienste wat gehou sal word in gemeentes is SA. Mag die Here verheerlik word ook deur die uitsendings van TWR, Radiokansel, Kaapse kansel en FEBA radio.
Tertia Kellerman is veilig bewaar tydens die aardbewing in Nepal. Ons dank die Here daarvoor en vra Sy voorsiening en Sy wil vir haar werk. Haar aanvanklike planne was om teen 12 Mei na Delhi, Indië te vertrek. Ons bid ook vir Karin en Christo, haar medewerkers. Dra getrou die werk van noodleniging spanne aan die Here op, asook die mense wat soveel verloor het. Bid ook dat daar nie siektes sal uitbreek nie.
Ons bid vir die werk van die CMR en die talle projekte wat deur hulle geloods word. Daar is groot nood, veral ten opsigte van kinders se versorging in Ivory Park en Ebony Park waar maatskaplike werkers werk. Dra ook die vroue van die Naaldwerkgroep, Dorkas, aan die Here op, asook vir Jansie en haar medewerkers, Catharina en Alida

## *ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3*

*Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*

# Kennisgewingbord

**Kerkkantoor tel. Nr.: 012 664 6695**

***Deurkollekte*** **: Sending**

***Bruingeld vir Sending:*** vanaf 21/11/2012 is al **R 10 370** ingesamel. Mooi so!

### *Bybel projek*

- ***Nuwe Bybels*** is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal of Engels benodig, (hardeband teen R 45 en sagteband teen R 25) bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125
- ***Ou Bybels*** kan asb. voor 31 Mei ingebring word vir verspreiding. Enige taal is welkom.

### *Transoranje-Skool vir Dowes*

**Bied ter fondsinsameling op Saterdag 13 Junie 2015 - Kaalkopfilosofie met Nataniël. Geniet 'n Skreeusnaakse en insiggewende oggend van Kaalkopfilosofie by een van Nataniël se gewilde Leefstylpraatjies wat strek vanaf kos tot klere, kinders en kuier tot etiket…. Nataniël en Eksklusiewe uitstallers produkte beskikbaar. Geen babas en kinders onder 13 jaar. Mans en Dames welkom. 10:50 Ouditorium van Woord-en-Lewe, Mayville Pretoria R150 per persoon (sluit verversings in) Kaartjies beskikbaar by Alta Koekemoer Tel 012-386 6072-5 of epos na transoranje3@gmail.com**

### *Omgee-Vroue*

- **Herfskonferensie Saterdag 16 Mei 2015 om 08:30 vir 9:00.** Hiermee 'n hartlike uitnodiging aan die vroue van ons gemeente om hierdie baie spesiale Herfkonferensie by te woon. Dit vind plaas by die NG Gemeente Skuilkrans. Die spreker is Ds Lieneke Neethling. Die tema is "Wie is jy sonder jou grimering?". Die prys van die kaartjies is R 80 per persoon wat 'n oggendtee met verversings asook 'n heerlike laat-ontbyt insluit. Die koste moet nie vir jou 'n beperking wees nie, enige donasie is ook reg. Gee asb. jou naam voor 8 Mei vir Sue in die kantoor of vir Adél 0768900823 en dui aan of jy vervoer benodig of kan aanbied.

- Vir die **Fondsinsamelings geleentheid** wat beplan word vir die 24e Oktober 2015 wil ons graag vir Jannie Moolman as gaskunstenaar nooi. Ons is dringend op soek na 'n borg vir hierdie geleentheid. Is daar miskien iemand waarvan julle weet wat so 'n geleentheid kan gebruik om sy saak te adverteer? Kontak Adél by 0126642261 of 0768900823.

### ***BYBELSTUDIEGROEPE :***

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 15:00 | Parkdal | Dinsdag | 09:00 | Noorde |
| | | | | 10:00 | La Vie |
| Woensdag | 09:00 | Parkrand | Donderdag | 09:00 | Dienssentrum |
| | 10:00 | Tiny Krige | | 10:00 | La Borie |
| | 10:00 | Lofdal | | 11:00 | Protea |

**Omgee-Manne:** Saterdagoggend 6:30 by die kerk

**Baie geluk aan almal wat verjaar 02 Mei - 02 Mei**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Divan | Kilian | 05/10 | 082 775 5606 | 27721124588 |
| Hettie | Meintjes | 05/10 | 664 5835 | |
| Sus | Quadling | 05/10 | 0126640679 | 27825375789 |
| Carol | Hattingh | 05/11 | 664 6687 | |
| Marius | Kilian | 05/12 | 082 775 5606 | 27823345253 |
| Magda | Labuschagne | 05/12 | 078 389 2320 | 27783892320 |
| Jolanda | Cilliers | 05/13 | 664 8278 | 082 4890 980 |
| Estelle | Pretorius | 05/13 | 654 9206 | 27827836177 |
| Antoinette | Swart | 05/13 | 0832519830 | 27845808382 |
| Alta | Marais | 05/14 | 664 7723 | |
| Carlo | Martin (Coelho) | 05/14 | 0824917561 | |
| Jessica | Conradie | 05/15 | 079 7758 561 | |
| Michel | Kalp | 05/15 | 664 8263 | 27826003600 |
| Michelle | Kalp | 05/15 | 664 8263 | |
| Francois | Labuschagne | 05/15 | 078 389 2320 | |
| Rentia | Landman | 05/15 | 664 2590 | 27833065492 |
| Samantha | Mostert | 05/15 | 664 4086 | 27795174676 |
| Maureen | J. Van Vuren | 05/16 | 664 6621 | 27722040145 |
| Magriet | Snyders | 05/16 | 664 1054 | |

***Net weer ons bank besonderhede indien u dit benodig:***

**NG Lyttelton-Noord. Absa Bank**
**Rek. nr: 600590243, Tak: 335045**